DNA TOETSE BY BEESTE

Dr. Munro Marx

Unistel Dieredienste is 'n spesialis afdeling van Unistel Geneeskundige Laboratoriums wat by uitstek konsentreer om DNA toetse aan bees-, skaap- en perdetelers in Suidelike Afrika te bied. Unistel voldoen aan alle vereistes vir DNA profieltoetsing soos deur ISAG bepaal en neem elke twee jaar aan die wêreldwye vergelykingsstudies deel. Hierdie studies verseker dat alle data uitruilbaar is.

Vaderskaptoetse by beeste word reeds baie jare gebruik by telersverenigings om die integriteit en betroubaarheid van hulle stamboek rekords te verseker. Hierdie praktyk dra by tot die genetiese verbetering en vordering van teelprogramme.



Behalwe DNA profiel ontleding om die identifikasie en teling te bevestig, bied Unistel Dieredienste verskeie ander dienste ook aan vir die landbou. Hierdie dienste sluit in die volgende:

- Genomiese DNA profiel toetsing vir beide GeneStar en Igenity
- Toetse vir "Freemartins" (tweeling kalwers, benodig bloed)
- DNA toetse vir *Trichomonas foetus* (Trich op skedespoelings)
- DNA toetse vir verskeie genetiese beessiektes (Pompes, CVM, KMS, BLAD ens)
- Chromosoom analise vir translokasie opsporing
- *Chondrodysplasia* by Dexters (Bulldog)
- Haarkleur-toetse

Die akkuraatheid van ouerskap toetse is dus baie belangrik vir die geregistreerde bees industrie. Akkurate vaderskapbepaling is ook van groot waarde vir kommersiële beestelers wat veelvaarteling toepas. Vaderskaptoetse stel hulle dus in staat om die korrekte bulle aan die aanteel toe te ken sonder die nodigheid om die koeie herhaaldelik te toets. Hierdie kennis stel produsente in staat om die prestasie van hulle bulle te volg en om vaars en vaarlyne te identifiseer wat hoë prestasie nageslag produseer.